# Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

24 Januarie 2025 Uitgawe: 2/1/2025

## UIT DIE KANTOOR

Ons staan reeds aan die einde van die tweede week van hierdie kwartaal en die skoolprogram is reeds vol aan die gang.

Baie dankie aan al die ouers wat die afgelope week die oueraande en sportinligtingsvergaderings bygewoon het. Ons poog regtig om so aan die begin van die jaar alle belangrike inligting aan u deur te gee. Soms mag al die inligting oorweldigend wees en daarom nooi ek u uit om die vrymoedigheid te neem om enige onduidelikhede met die betrokke onderwyser of afrigter te bespreek. Ons help graag.

Ek verwys u weer na die laaste bladsy van die tafelkalender waar u die kontakbesonderhede van ons onderskeie komitees sal vind. Ons vertrou dat hierdie bykomende inligting u meer voorbereid vir die jaar sal maak.

**Tjokkiediens**

Graag herinner ek alle ouers en leerders aan ons Tjokkie kerkdiens wat eerskomende Sondag om 9:00 plaasvind by die Universitas Geloofsentrum. Ons versoek dat leerders asb. hul skoolklere sal aantrek. Skoene is egter opsioneel.

Swemgala:

Twee sportgeleenthede vind hierdie week plaas, nl. ons kleur swemgala wat op Dinsdag, 28 Januarie by die UFS se swembad plaasvind. Belangrike inligting rakende die gala is reeds elektronies aan u deurgegee.

Op Vrydag, 31 Januarie vind die skool se kleur atletiekbyeenkoms plaas. Dit is elke jaar 'n groot hoogtepunt en die leerders geniet dit baie. Let asb. daarop dat dit 'n verpligte skooldag is vir die leerders. Ons gaan die afwesighede aanteken aangesien ons weekliks verslag moet lewer rakende afwesighede by die Departement van Onderwys. **Baie belangrik. Vanjaar vind die alteliek plaas op die gronde van die Universiteit van die Vrystaat (Pelliespark) en nie by die Stadion soos die laaste paar jaar nie**. Die besluit is juis as gevolg van veiligheidsredes geneem en omdat dit ook naby die skool is. Daar is slegs een in- en uitgang wat die kontrole oor leerders baie vergemaklik. Die kinders kan ook almal op die pawiljoen sit en hul maats aanmoedig.

**WhatsApp-groepe**

Die skool het verskeie maniere van kommunikeer aan u as ouer. Onder andere is daar verskeie klasgroepe, sportgroepe en nog vele ander. Die skool maak ook gebruik van die "***Community*" - groep** as inligtingsplatform om vinnig belangrike inligting aan al ons ouers te kommunikeer.

Die skool het enkele onderwysers by die skool geïdentifiseer wat dit hanteer, onder andere Juf Celetia le Grange wat ook die skool se Facebook en Instagram hanteer. Hierdie ekstra administratiewe funksies plaas baie druk op haar en neem verskriklik baie tyd. Sy is ook egter 'n taalonderwyseres wat baie voorbereiding en nasienwerk het.

Ek vra dat u haar tyd sal respekteer en nie onnodig sal pla met navrae wat eintlik deur die klasonderwyser of aktiwiteitshoof beantwoord kon word nie. Ek verwys u ook weer na die kommunikasiekanale agter in die skool se kalender wat u kan volg.


***Dit het ook onder my aandag gekom dat ouers nou hul eie WhatsApp-groepe stig en dan onderwysers, hul werkswyses bespreek en verwronge inligting daarop versprei. Hierdie skewe boodskappe doen meer skade as goed aan die beeld van die skool. Ek sal dit nie toelaat nie.***

***Daarom rig ek 'n vriendelike, dog ernstige versoek aan ouers om WhatsApp boodskappe te verifieer voordat dit aangestuur sal word en dat hierdie groepe oordeelkundig gebruik sal word. Baie dankie vir u samewerking.***

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 24 Jan.: | Snr. Redenaarsopleiding |
| 26 Jan.: | Tjokkie Kerkdiens (Geloofsentrum) |
| 27 Jan.: | o/9 Krieketliga |
| | o/13 Rugbyproewe |
| 28 Jan.: | Tjokkies swemgala (UFS) |
| | o/11 Krieketliga |
| | Voortrekker Waatlemoenfees |
| | Kommando-bestuursvergadering |
| 29 Jan.: | o/11 Rugbyproewe |
| 30 Jan.: | o/13 Krieketliga |
| 31 Jan.: | Kleure Atletiek (Pelliespark) |

## VERJAARSDAE



| | |
|---|---|
| 26 Jan.: | Juf. Marietjie Barkhuizen (Gr. 1) |
| | Miriam Masakala (Kantoor ASS) |

# ANDER

## Bagel Snoepwinkel

Die nuwe snoepwinkel het verlede week geopen.

Soos enige nuwe besigheid, vind hy nog sy voete en probeer daar ’n behoeftebepaling by kinders gedoen word.

Indien u enige voorstel of navraag het, is jy vry om Nico Botes te kontak:

by 076 871 8246.

Vir bestellings kontak Lucricha Botes by 072 501 9192

U kan ook ’n epos stuur na bagelbloem@gmail.com.

# VAN DIE MAMMAS WAT BID

**‘n Hart wat waarlik omgee**

Ek lees gisteroggend ‘n stukkie in Lukas 7: 11-17. Hierdie stukkie handel oor ’n weduwee wie se enigste seun oorlede is. Hulle was besig om hom na ‘n graf te neem, toe Jesus verby hulle stap. Die stukkie sê dat Jesus haar innig jammer gekry het. Hy het net daar haar seun uit die dood opgewek. Lukas skryf nie hier dat die vrou met die Here gepraat het of gevra het om haar seun op te wek nie. Hy skryf ook nie dat dit oor die weduwee se geloof gegaan het nie.

Wat vir my uitgestaan het uit hierdie gedeelte, is dat Jesus presies op die regte tyd daar was. Hy het sonder dat die weduwee gevra het, die weduwee se hart gesien en presies geweet wat sy nodig het. Hy het opgetree uit ‘n plek van omgee en onvoorwaardelike liefde. ‘n Oomblik wat daardie wonderwerk, soos al die ander wonderwerke, die voluit van Sy krag kom openbaar het.

Hierdie het my hart diep getref. Dit is vir my so ‘n besondere karaktereienskap van God wat hierin opgesluit lê. Dit moet ons bemoedig. Die Here sien jou raak, Hy sien jou hart en Hy weet wat jy nodig het. Selfs wanneer jy nie vra nie en Hy tree in selfs wanneer ons dit nie eers noodwendig verwag nie.

Dan het ek ook besef: As ons dan soos Christus wil lewe, moet ons ook só ‘n hart hê vir ander. Mag ons meer bewus raak van mense se harte, hulle behoeftes en mag ons intree daarin. Sodat ons kan help om God se hande en voete te wees waar ons beweeg.

Mag hierdie jaar ‘n jaar wees wat ons ons instel om omgeeharte te hê. Mag dit ook ‘n jaar wees waarin jy God se onvoorwaardelike liefde ervaar in situasies wat dalk vir jou onmoontlik lyk en mag dit dan ook ‘n getuienis in jou lewe raak van Sy krag in jou lewe.

Gebed:



Here, dankie dat U altyd bewus is van ons hart en dat U liefde onvoorwaardelik is. Help ons om ook ‘n hart vir ander te hê.

## UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Sien asseblief aangehegte brief en vorm rakende My School.

## KLEUTERSKOOL



# SNUFFELS


The best just got better
with the Kia Sonet at Kia Bloemfontein.
Receive up to **R40 000 discount!**
UNLIMITED KILOMETRE
5 YEAR WARRANTY
SONET GP
Movement that inspires
T's and C's apply. Image for illustration purpose only.
Bloemfontein


VOLVO
Volvo XC60.
The new measure of performance.
Starting from R11,830 per month
Image is for illustration purpose only. Subject to financial approval. Price indicated is based on the XC60 B5 Geartronic AWD Essential on a 72 month, 10% deposit & 40% balloon finance term. Rate is linked to prime: 11.5%. Inc. bank Initiation Fee of R1207.50 Incl VAT. Terms & conditions apply.
52 Zastron St,Bloemfontein Central, Bloemfontein, 9301, Free State I 051 403 4200
www.bloemfontein.volvocars.co.za


OVER
1500
DEALS
EVERY WEEK
SAVE R20
74.99
Clover Butro Modified Butter Spread
SAVE 27%
ANY 4 FOR
R70
4 x 170g Cape Point Light Meat Shredded Tuna in Water/Oil
99.99
Lean Beef Mince
AS SEEN ON TV
SPAAR 21%
54.99
Huletts Witsuiker
SAVE R50
149.99
Douwe Egberts Instant Coffee All Variants Each
SAVE R70
R229
SAVE R20
129.99
Lancewood Cheddar/Gouda Cheese
2 FOR
R47
2 x 2l Coca-Cola Original Taste Less Sugar Cold Drink
BUY 2 &
GET A 3RD
FREE
FREE!
BUY 2 x 14/21 per pack Ariel Pods/3l Liquid Detergent & GET THE CHEAPEST ONE FREE!
Huggies Gold Nappies/Pants Jumbo Pack/Extra Care Nappies/Pants Value Pack per pack
SAVE
20%
2 x Cape Point Frozen Prawns Range
SAVE UP TO 40% ON BACK-TO-SCHOOL ESSENTIALS
PINK & BLUE COLOUR AT SELECTED STORES ONLY
LIMITED TO 2 PER CUSTOMER
SAME PRICE AS LAST YEAR
SAVE R17
69.99
Typek A4 Photostat Paper - 500 Sheets - 80gsm
SAVE R15
39.99
Pritt Jumbo Glue Stick - 40g
SAVE R22
27.99
Staedtler Fluorescent Ballpoint Pens - 10-Pack
SPAAR R9
16.99
A4 Hardebandtoonbankboek - 192 Bladsye
FUNCTIONS
SAVE R110
269.99
Casio FX-82ZA Plus II Scientific Calculator
Checkers
better and better
also at Checkers Hyper
Download the app


BLOEMFONTEIN
MOTORS
Email: admin@bfnmotors.co.za | tel: 051 447 7042



YOUNG ENTREPRENEURS

# THEIR MINDSET WILL CREATE THEIR DESTINY

Hierdie unieke program is vir voorskoolse kinders en in die vorm van 'n poppekas. Die kinders leer alles oor geld en besigheid & begin hul eie mikro-besigheid. Die 32 halfuur lesse is in storie formaat en belangrike konsepte oor geld & besigheid word deur pret en spel oorgedra. Die kinders gradueer as Tinypreneurs.

**KINDERS TUSSEN DIE OUDERDOM VAN 4-6 JAAR SAL DIE VOLGENDE VAARDIGHEDE GELEER WORD:**

- FYN MOTORIESE VAARDIGHEDE
- BESIGHEID, WISKUNDE & GELD VAARDIGHEDE
- PROBLEEM OPLOSSING
- KREATIWITEIT & INNOVASIE
- VEERKRAGTIGHEID & DIE WAARDE VAN WERK
- SELFVERTROUE
- SOSIALE ENTREPRENEURSKAP
- SPANWERK
- INTERPERSOONLIKE VAARDIGHEDE
- KOMMUNIKASIE & LUISTER VAARDIGHEDE

Iné vd Westhuizen | 083 294 6906 or Annalien Prinsloo | 083 281 8382

tinybloem@younge.co.za